J. E. Uitman, *Christus het Hoofd (De brief aan de Colossenzen)*. (Uitgewers: G. F. Callenbach-Nijkerk, 1955.)

J. E. Uitman gee ons in hierdie werkie 'n voortreflike kommentaar van die besonderlike brief van die apostel Paulus. Die ryk inhoud is by verreweg na nog nie teologies verwerk nie. Tog het die skrywer daarin geslaag om ons aandag op belangrike konsekwensies en toepassings van hierdie eiesoortige brief vir die lewe van die gemeente te wek.

Die betiteling „*Christus het Hoofd*" is pakkend en as 'n mens die kommentaar lees, is jy nie teleurgesteld nie. Die besondere toespitsing op die getuienis van Christus wat ons in die brief teëkom, word telkens onderstreep. Dat dit nie gaan om die roeming van 'n Christenstand nie (bl. 13) al is die Christelike deugde van geloof, hoop en liefde aanwesig maar om die dank teenoor Christus self, laat die kommentaar duidelik uitkom.

Wat van buitengewone belang en waarde vir ons tyd is, veral met die oog op die kerkbegrip, is dat die skrywer duidelik stel hoe dat die belydenis „*Christus het Hoofd*" in die brief na die wereld toe uitgewerk is. Daar is 'n ander belangrike aspek wat deur hom beklemtoon word naamlik dat die belydenis „*Christus het Hoofd*" ook na die gemeente toe uitgewerk word.

GEMEENTE EN WERELD; En dan HIERDIE WERELD! Dis 'n begrip wat vandag fel beleef word. Ons geslag voel dat ons daarin gewerp is. Ons voel ons ook bedreig.

As 'n mens die kommentaar bestudeer, voel jy daarin wat die Kolossense-brief aan jou wil sê naamlik: „Menzen, ge zyt niet prysgegeven, want Christus is het hoofd van alles, van alle overheid en macht." (bl. 8). Jesus Christus is die allesbeheersende middelpunt, in wie God gemeenskap met ons het en hou. Hy is só sterk in die middelpunt dat daar geen vrees vir ander magte hoef te wees nie (bl. 23).

Ek wil die boekie sterk aanbeveel. Dis 'n Evangelieprediking vanuit die Kolossense-brief tot bevryding van elke fataliteitsgeloof in watter gestalte dit ookal navore mag kom—natuurkousaliteit, natuurwetmatigheid, bomenslike lotsmagte wat die menselewe kan beheers. Veral vir ons tyd is die sentrale woord van Kol. 2:15 van groot gewig: Dis 'n Paastriomf!!

L. M. LE ROUX,
Pretoria-Oos.